# SAVF Tzaneen Kleuterskool

SAVF TZANEEN KLEUTERSKOOL

# ASJASSIE NUUS

Desember 2025

## Wat het alles die afgelope tyd by die skool gebeur?

- So op die einde het ‘n paar nuwe maatjies by ons aangesluit. Baie Welkom!
- Ons het ‘n pragtige Oupa en Ouma Dag gehad. Grootouers is getrakteer op ‘n paar optredes van ons groter maatjies. Daar is agterna lekker gekuier en saam geëet. Ons trompoppies het ook vir oulaas gewys hoe oulik hulle is met ‘n goed-ingeoefende roetine.
- ‘n Hoogtepunt hierdie kwartaal was die uitstappie na Merensky Landbou Akademie se plaas. Die busrit was ‘n groot opgewondenheid en so ook die lekker piekniek agterna. Kleuters het die geleentheid gekry om al die diere van naderby te beskou, en sommige het sommer aan die plaasdiere gevryf ook.
- Die Hoërskool Ben Vorster het ons kleuters kom vermaak met ‘n baie oulike poppekas. Ons het almal ook kos bygedra vir die DBV.
- Die Graad R-maats het tydens ‘n baie mooi geleentheid hul sertifikate ontvang wat sertifiseer dat hulle maar kan aanskuif na Graad 1. Baie sterkte aan elke ouer met die nuwe fase.
- Assessering is gedoen en rapporte is op Vrydag 28 November uitgedeel.
- Elke dag is daar baie lekker gespeel by die skool. Elke stukkie van die skoolterrein word optimaal benut, en so ontwikkel ons lyfies.
- Ons het steeds elke Maandag Monkeynastix gehad en ons Graad R-maats het Stimuzone rekenaarklasse gedoen. Buitemuurs het steeds voortgegaan: Swem, gimnastiek, netbal, dans, playball, Witjassies.
- Ons is gedurig besig met onderhoud by die skool. Ons beplan heelwat verbeterings in 2026.

## Waarna kan ons uitsien in die eerste kwartaal van 2026?

- Nuwe juffrou en klas
- Oueraand
- Sportdag

- Die skool verjaar
- Fondsinsameling
- En vele meer ...





## UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING

Arianna (Vissie): Twee maatjies slaan mekaar, toe sê Arianna: “Ja, vat so.”

Isabella (Vissie): “Kyk die vliegtuig!” (die vlieg...)

Meliana (Beertjie): “Juffrou, ek is allergies vir die maatjies wat so in my ore raas.”

Die Hasieklas lees storieboek. Op die agterblad is ‘n prentjie van ‘n bok. Juffrou vra vir Dian watse bok dit is. Dian: “’n Gevaarlike bok.” Francois: “Nee, dis ‘n eland!”

Deandré (Vissie): “Juffrou, ek het baie chocolocos by my huis.”

Aldo (Hasie): Loop verby ‘n tannie en sê: “Ek wil net gou my chill pilletjie drink.”

### Nou ja, uit die mond van die suigeling ... ware wyse woorde

# Skoolkwartale 2026 vir staatskole

Kwartaal 1 : 14 Januarie tot 27 Maart
Kwartaal 2 : 8 April tot 26 Junie
Kwartaal 3 : 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4 : 6 Oktober tot 9 Desember

# Publieke Vakansiedae, 2026 in kwartaal 1 & 2 wanneer die kleuterskool ook gesluit sal wees:



21 Maart – Menseregtedag (Saterdag)
3 April – Goeie Vrydag (Vrydag)
6 April – Gesinsdag (Maandag)
27 April – Vryheidsdag (Maandag)
1 Mei – Werkersdag (Vrydag)
15 Junie – Spesiale skoolvakansiedag (Maandag)
16 Junie – Jeugdag (Dinsdag)




## Die Kleuterskool heropen op Woensdag 7 Januarie 2026 om 06:30

# Uit die hoof se kantoor



Nog ‘n jaar het ten einde gesnel. Hier het so baie dinge plaasgevind. Maar die belangrikste is dat elke kleutertjie gegroei het, sommer so voor ons oë: liggaamlik, emosioneel, geestelik. Daar was hier en daar ‘n paar uitdagings, maar dit is gou hanteer. Ons finansies het die hele jaar sterk gestaan as gevolg van ouers se getroue betaling van skoolfonds. Baie dankie aan elkeen wat nie net hul maandelikse verpligtinge nakom teenoor die skool nie, maar ons ook ondersteun tydens funksies en fondsinsamelings. Sonder julle is ons verlore. Baie dankie ook aan almal wat positief oor die skool praat en ons adverteer onder vriende en familie. Hou asseblief steeds u whatsapp dop vir boodskappe van die skool. Nuwe whatsapp groepe sal voor die einde van die jaar geskep word deur u kind se nuwe onderwyseres. Sy gaan weereens baie inligting vir die nuwe jaar op hierdie groep deurgee. Gaan loer ook gerus gereeld op Facebook en ons webtuiste.

Met die lang vakansie wat voorlê kan dit nogal ‘n uitdaging wees. Hou egter maar nog by ‘n roetine, hou die dissipline-leisels steeds styf vas en onthou: Bly onvoorwaardelik lief vir jou kind.

Hier is ’n klomp praktiese en pret-idees om jou kleuter besig te hou oor die Desembervakansie. Dit is volgens tipes aktiwiteite gegroepeer sodat jy maklik kan kies volgens weer, begroting en energie!

**Waterpret (want dit is warm!)**

- Agterplaas waterspeletjies: Opblaasbadjie, sproeier, waterpistole, of selfs ’n ou laken met seepwater vir glybane.
- Stranddae: Duine klim, skulpies soek, sandkastele bou (neem ’n sonstoeltjie en ’n sambreel saam).
- Openbare swembaddens.

**Buitelewe & Natuur**

- Oggend-piekniek s in ’n park.
- “Insekte-safari” in die tuin of park – neem ’n vergrootglas en ’n emmer.
- Voëlkyk met ’n eenvoudige voëlboekie vir kinders.
- Kamp in die agterplaas (tent opslaan, marshmallows braai oor ’n klein vuurtjie of selfs op die stoep).

**Kreatiewe & Tuiste-aktiwiteite**

- Ysblokkies-skattejag: Vries speelgoedjies in ysblokkies en laat hulle dit met warm water/hamer “uitgrawe”.

- Koekversiering of koekies bak (gebruik Kerstema drukvormpies).
- Kartondoos-kuns: Ou bokse word huise, motors, of ’n “kasteel”.
- Tuisgemaakte speelklei (resep: 2 koppies meel, 1 koppie sout, 1 eetlepel olie, 1 koppie water + voedselkleursel).
- “Kersfees-kers” maak met toiletrolletjies, verf en glitter.

### Uitstappies (meeste is kleuter-vriendelik en nie te duur nie)

- Dieretuin (Nasionale Dieretuin in Pretoria).
- Plaasbesoeke
- Haenertsburg
- Wildtuin
- Vakansieoord vir die dag

### Rustige dae & skermtyd met ’n twist

- Maak ’n “vakansie-filmklub”: Versierings in die sitkamer, springmielies, en kyk Kersflieks (Die Grinch, Polar Express, Frozen).
- Oudioboeke of stories op YouTube (Marlize se Stories, of Afrikaanse kinderliedjies).
- “Kampeer” binnenshuis met flitsligte en stories vertel.

### Dag-tot-dag voorbeeld rooster (jy kan dit aanpas)

- Maandag: Waterdag tuis
- Dinsdag: Park + piekniek
- Woensdag: Bak of kuns
- Donderdag: Uitstappie (dieretuin/swembad)
- Vrydag: “Vryspel”-dag (hulle kies)
- Naweke: Familie-besoeke

### Ekstra wenke:

- Maak ’n groot plakkaat met al die idees en laat jou kleuter sterretjies plak as julle iets gedoen het.
- Pak ’n “verveeldheid-boks” met verrassings (ou speelgoed, nuwe kryte, borrelbad, ens.) en haal dit net uit as hulle “niks het om te doen nie”.


Geniet die tyd saam – Desembervakansie met ’n kleuter is chaoties, maar dit word later kosbare herinneringe!

***Idees volgens Grok***



*'n Baie geseënde Kersfees word elkeen van u toegewens. Mag dit 'n tyd wees van kuier, rus, ontspan, bande bou en bowenal, versterking van ons verhouding met ons Hemelse Vader. Geniet hierdie Christusfees saam met u geliefdes.*

*Volgens Lukas 2:10 en 11 "Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"*



*Geniet die vakansie. Ons sien mekaar in Januarie 2026.*